

PREEK

TEKS: 2 ROM 3: 14-16

TEMA: Hoe weet ek wat God se wil vir my lewe is?

Oor die eeue het mense moeite gedoen om hul gode te raadpleeg ten einde in lyn met dié gode se begeertes op te tree en om die gode te raadpleeg met betrekking tot keuses en besluite wat hulle met die oog op die toekoms moet neem. Die ou Grieke het in die stad Delphi orals in dié verband ontvang. In Afrika, so glo die toordokters die inligting. Baie mense raadpleeg die “sterre voorspel” om lig op hul lewenspad te vind.

As Christene is ons bevoorreg om God se wil vir ons lewe in die Bybel te vind. Verskillende teksgedeeltes bevestig dit:

PS 119: 1-16

Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel volgens die woord van die Here.

Dit gaan goed met dié wat sy verordeninge gehoorsaam, dié wat met hulle hele hart sy wil doen,

geen onreg pleeg nie en in sy weë wandel.

U het u bevele gegee dat dit ten volle uitgevoer moet word.

As ek tog maar net op 'n vaste koers kan bly en my aan u voorskrifte kan hou!

As ek al u gebooie in ag neem, sal ek nooit raad-op wees nie.

U bepalings is regverdig; as ek hulle ter harte neem, sal ek U loof met 'n opregte hart.

Ek sal my aan u voorskrifte hou: moet my tog nooit verlaat nie.

Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!

Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie.

Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.

Aan U kom die lof toe, Here, leer my u voorskrifte.

Al u bepalings wil ek een vir een opnoem.

Om volgens u verordeninge te lewe, gee my meer vreugde as al die rykdom van die wêreld.

U bevele bly my altyd by. Ek gee ag op die pad wat U aanwys.

Ek verlustig my in u voorskrifte, u woord vergeet ek nie.

Ps 119: 33-40

Here, leer my hoe om u voorskrifte uit te voer, sodat ek my tot die einde toe daaraan kan hou.

Gee my insig, dat ek u wet kan gehoorsaam en dit met my hele hart kan onderhou.

Laat my wandel volgens u gebooie, want daarin vind ek vreugde.

U verordeninge, laat dié my na aan die hart lê, nie die begeerte om myself te verryk nie.

Weerhou my van 'n nuttelose lewe, laat my leef op die weg wat U aanwys.

Vervul ook aan my die belofte wat U gegee het aan dié wat U dien.

Die venyn van mense, daarvoor is ek bang, moenie dat dit my tref nie. Maar u bepalings, dié is goed.

Ek wil u bevele nakom. Hou my in die lewe, want U is getrou.

Ps 119: 105 “ U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.”

Rom 15:4 “ Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.”

2 Tim 3:14-15

Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.

Nou is dit belangrik dat ons die Bybel reg gebruik. Bybelskrywers het oor die eeue gewaarsku teen die **verkeerde gebruik** van Godswoord.

- Die Bybel is 'n **toe**-boek. Mense lees dit nie en volg hul eie kop. (Illustrasie: Toe Bybel met lagie as/stof op. Blaas dit voor gehoor af en open die toe Bybel. (2 Kor 22: 8-20).
- Mense lees die Bybel, maar **verstaan nie** wat daarin staan (Matt 13: 8-19, Hand 8:26-40)
- Mense lees die Bybel, maak dit toe, **verdiep hul nie** in die Woord en vergeet wat hulle gelees het (Matt 13: 20-21, Jak 1: 22-24)
- Stefan Joubert skryf in sy boek dat die probleem tot gevolg het dat die grootste begraafplase net buite die deur van kerkgeboue gevind word. Wanneer ons uitstap smyt ons die boodskap in 'n swart sak.
- Mense lees die Bybel, maar dit verloor sy effek omdat dit deur **swaer laste/ander fokusse verdring** word. (Matt 13: 22-23)
- Mense **verset** hul teen die Woord omdat dit indruis teen dit wat vir hulle aanvaarbaar/voordelig en gemaklik is (Hebr 3: 7-11).
- Mense **verdraai** die Woord (Gen 3:1 – 2:16-17, Matt 3: 3v, 6vv, 2 Kor 11:3-4).
- Mense haal tekste **buite konteks** aan en so verloor die Woord Sy krag/betekenis (1 Kor 11: 1-16 – hoef of nie hoed debate)
- Mense gebruik die Bybel soos 'n **resepte boek** asof dit vir elke denkbare saak onder die sou 'n klaar uitgewerkte antwoord voor hande het (Die **google**-metafoor verduidelik die saak in 'n moderne idioom).
- Nou verwant aan laasgenoemde is die lukraak oopmaak van die Bybel en die vind van 'n teks/woord wat op die oor af na die saak waarvoor lig gesoek word, klink.

Al dié maniere van omgaan met Gods-Woord is verkeerd.

Dit is belangrik om te onthou dat die Bybel soos enige artikel wat jy koop **reg gebruik** moet word sodat die waarborg nie in die gedrang kom nie. Die waarborg wat hier van toepassing is, is God se belofte dat Hy Sy seën gebied op dié wat hul lewe in ooreenstemming met Sy Woord inrig. En dié seën beteken nie 'n gewaarborgde probleem vrye toekoms nie, maar die vervulling van God se veelvuldige gewaarborgde troue beloftes. Die regte gebruik van die Bybel geskied wanneer:

- ons rekening hou dat die Bybel 'n **versameling verhale** is wat deur meer as 40 “skrywers” oor 'n periode van meer duisend jaar, uit mondelinge oorlewering/getuienis oorgeskryf en vir elke geslag geherinterpreteer is sodat die oorspronklik bedeling/betekenis van Godswoord vir elke nuwe geslag lewend gehou kan word.
- Die **hooftema** wat dwarsdeur die Bybel loop, is dat die genade, liefdevolle, barmhartige, regverdige heilige God (Drie-Enig) 'n verlossingspad stap met die Sondige mens. Christus het ons sondeskuld op Hom geneem en die prys met Sy lewe betaal om ons te verlos. Deur geloof ontvang ons vryspraak, 'n nuwe lewe en identiteit deur die vernuwende werk van die Heilige Gees. En ons word oor alle grense heen een geloofsfamilie wat komplimenterend tot mekaar ons gemeenskaplike roeping uitvoer. Die opdrag (Wat) en die uitvoering daarvan (hoe) vind ons in die Bybel.
- Van Genesis tot Openbaring vind ons 'n **ontwikkelingsgang** wat Sy hoogtepunt en vervulling in Christus vind Alles in die Bybel lê dus nie op dieselfde vlak vna belangrikheid (=aktualiteit) nie. Tog is alles belangrik onderdele en onderbou daarvan.
- 'n Mens hoor die Here sê stem in 'n **saamstap intieme verhouding** met Hom en met mekaar as reisgenote van die geloof – meer so as op jou eie 'n isolasie. Hoe langer jy die pad loop hoe beter hoor jy Sy stem (Hebr 5:14).
- Omdat die Heilige Gees, die Gees van Christus is wat ook die Hoof van die Kerk (=Sy Liggaam) is, is die Gees aan die geloofsgemeenskap gegee en nie aan my as individu op my eie nie. Daarom is

die geloofsgemeenskap die draer en beskermer van die waarheid. (1 Tim 3:15). In ons saam lees, saam luister en saam worstel, vind ons die roete waarlangs God Sy wil openbaar.

- Wanneer ek getuig: die Here het vir my gesê, moet ek daarom weet:
 1. Die Here sal niks vir enigeen sê wat Hy nie reeds in Sy Woord gesê het nie.
 2. dat dit wat ek gehoor het altyd onderwerp moet word aan die Woord en die geloofsgemeenskap van volwasse geesvervulde broers/susters aan die Woord en die geloofsgemeenskap van volwasse geesvervulde broers/susters. So word ek teen arrogansie en geestelike hoogmoed beskerm.

In die soeke na en die vind van God se wil vir ons lewe is dit belangrik dat

- ons in 'n persoonlike saamstap-verhouding met Hom leef en groei
- ontdek wie Hy is en waarvoor Hy my geskep, be-gaaf en geroep het (1 Kor. 12:7-11).
- Sy Woord te bestudeer totdat die Gees my verstand verlig (2 Kor. 3:13-18), die begeerte in my hart werk (Kol 2:9-10) en my bemagtig (Hand 1:8) om wat ek doen soos vir die Here te doen (Kol 3:17)
- Dan gaan dit nie oor of ek die regte beroep kies nie, maar of ek my roeping verstaan.
- Dan gaan dit nie oor of ek die regte man/vrou het nie, maar of ek die regte man vir my vrou/vrou vir my man is.
- Dit gaan nie oor die vraag wie my naaste is nie, maar vir wie kan ek 'n naaste wees (Luk 10:25-32)
- Dan maak dit nie saak waar ek bly, hoeveel ek verdien hoe gewild ek is, hoe invloedryk ek is ens nie. Al wat van belang is, is dat God Drie-Enig in en deur my lewe ver –HEERLIK sal word (Fil 3:7-11)
- Dan soek ek nie my eie belang, maar dat my geloof deur die liefde tot koninkryks-dade sal oorgaan (Gal 5:6)

AMEN